

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederdutch Hervormde Kerk van Afrika



Augustus 2009



Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle:
"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"

Uit Johannes 13: 12



Evolutie en ons

Lees binne...

- Evolusie en menslike verstaan
– 1
- Emerituspredikante
– 3, 4, 5
- Gespreksforum
– 6, 7

In hierdie uitgawe

- BI 1 Evolusie en menslike verstaan (Prof Johan Buitendag)
- BI 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque**
...wat is die mens dan dat U aan hom dink?
Leserskompetisie
- BI 3 **Rade en komitees**
Beter benutting van emerituspredikante (Prof Bieks Beukes)
- BI 4 **Op die kerkwerf**
Emeriti aan die werk
Hulle neem toe in krag
- BI 5 **Op die kerkwerf**
Emeriti aan die werk
Wat doen ons emerituskapelane vandag? (Ds Paul Jooste)
- BI 6 **Wat kerknuus aanbetref**
Toegeruste diakens (Dr Wilhelm Coetzer)
Beroepe aanvaar
Gespreksforum
Mislei deur die evolusioniste (lesersbrief)
- BI 7 **Gespreksforum**
Die evolusieteorie 150 jaar (onderhoud van dr Wouter van Wyk met prof Alex Antonites)
Waarom lidmaatskap van WARC? (lesersbrief)
- Agterblad **Oordenking**
As dit van God kom... (Ds Anet Dreyer-Krüger)

...wat is die mens dan dat U aan hom dink?

Dr Gerhard Lindeque skryf in sy redaksionele berig soos volg:

Gedurende Augustus 2009 beweeg die planeet Mars weer naby aan die aarde verby. Dit herinner ons maar net weer aan hoe relatief nietig die mens is in terme van die res van God se skepping. Wanneer ons sulke dinge beleef, kan ons ook maar net soos die digter van Psalm 8 in verwondering voor die almagtige Skeppergod buig. Hoe meer ons wetenskaplike kennis toeneem, hoe meer staan ons in volslae verwondering oor God wat die Oorsprong en Skepper van alles is.

Ons geloof in God hoef nie deur enige wetenskaplike teorie bedreig te word nie. Inteendeel, dit bevestig eerder aan ons die almag van God. Die punt is – God bly aan die werk en betrokke by sy skepping. Daarin vind ons ook ons troos. Soos die digter van Psalm 8 dit stel, naamlik dat God aan ons dink. En vir God is ons elkeen ewe belangrik.

LESERSKOMPETISIE

Wen 'n eksemplaar van Henk Bierman se publikasie *Leer die Bybel speel-speel ken*.
SMS die antwoord na 071 229 8903.

Vraag: *Op watter ouderdom tree predikante van die Hervormde Kerk normaalweg af?*

Evolusie en menslike verstaan

Prof Johan Buitendag kom in sy artikel tot die volgende gevolgtrekking:

Darwin was 'n agnostikus. Maar dit beteken nie dat van sy insigte nie 'n rol kan speel in ons teologiese besinning nie. Nie alleen maak dit ons oë oop om die mens ook as stoflike wese te herwaardeer nie, maar ook bied dit die aanleiding om die mens altyd binne sy of haar omgewing te probeer verstaan. Vir ons kenteorie het dit die waarde dat ons baie meer beskeie oor ons insigte moet raak en die voorlopigheid daarvan behoort te herken. Ons het inderdaad vryheid, maar word weliswaar beperk deur ons biologiese en kulturele omgewing.

Ons emerituspredikante

Prof Bieks Beukes betoog vir 'n hoër aftree-ouderdom vir predikante in ons Kerk:

Die algemene lewensverwagting, die groot getal veral kleiner vakante gemeentes, verswakkende ekonomiese toestande, afname in predikantegetalle en ander faktore bring die vraag na vore: Het dit nie tyd geword nie om te besin of die aftrede van predikante op 65 nog voordelig vir die Kerk is? Om vol te hou met aftrede van predikante op 65 bring onder andere mee dat kleiner gemeentes sonder permanente bediening moet klaarkom, dat daar negatiewe finansiële implikasies vir die Kerk se pensioenfonds is, en veral dat daar negatiewe psigologiese implikasies vir predikante is wat 'n roepingsbewussyn het maar, terwyl hulle fisies en geestelik nog sterk is, reeds die bediening vaarwel moet toeroep.

Die artikels op die middelblad van hierdie uitgawe toon egter dat die Hervormde Kerk se afgetrede predikante en akademici hulle beslis nie deur ouderdom of amptelike emeritaataanvaarding laat onderkry nie.

Ds Tony Simpson, prof Hennie van der Westhuizen en ds Leon Nell vertel van die belangrike take wat hulle steeds in die Kerk verrig. Op bladsy 4 verskyn ook 'n opsomming van die werk waarmee verskeie ander emeriti besig is. Op bladsy 5 gee **ds Paul Jooste** 'n oorsig oor die bydrae wat die Hervormde Kerk se kapelane oor baie jare in veral die Suid-Afrikaanse Weermag gelewer het. Hy vertel ook wat hulle vandag steeds bedrywig hou.

Die regverdige sal sterk wees soos palmbome, soos hoë seders op die Libanon. Hulle vind hulle krag in die huis van die Here en groei op in die tempel van ons God. Selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees. (Psalm 92: 13-15)